

## Korona: help eerder volksgenote **ANC misbruik die mag**

Die leier van die HNP, mnr Andries Breytenbach, het hom skerp uitgespreek oor die ANC se misbruik van die politieke mag om te bepaal wie gehelp mag word en wie nie.

Mnr Breytenbach sê waar ons mense mekaar nog onderling met die nodigste wil help, word ons deur die regering se beheptheid om alles te sentraliseer, belet om dit te doen.

“Ons het al voorheen daarop gewys dat die regering met sy oordrewe, en in baie gevalle onsinnige maatreëls ’n klimaat vir rewolusie en anargie skep.

Mnr Breytenbach sê: “Aanvanklik, met die afkondiging van ’n ramptoestand en die gepaardgaande inperkings, was daar genoeg mense wat, sonder om vrae te vra oor die gevolge van die inperking, die andersins besluitelose ANC-president vol bewondering aangeprys het vir sy ‘sterk’ en ‘doelgerigte’ leiding in ’n tyd van krisis.

“Namate die tyd egter aangestap en mense die praktiese uitwerking van die maatreëls aan hul lywe en beursies gevoel het, het groter nugterheid ingetree. Die omvang en gevolge van die ekonomiese vernietiging dring tot mense deur en hulle besef dat daar nie in die behoeftes van die land se meer as 50 miljoen inwoners deur hulppakkette voorsien kan word nie — die geld moet immers êrens vandaan kom en daardie bron gaan uitgeput raak.

“Die skreiende is dat daar van die kommersiële boere verwag word om opofferings te maak en bydraes te gee, terwyl hulle mede blanke besigheids-eienaars terselfdertyd van die hulp uitgesluit word. Waar ons mense mekaar nog onderling met die nodigste wil help, word ons deur die regering se beheptheid om alles te sentraliseer, belet om dit te doen.



*Mnr Andries Breytenbach*

“Dit is geen wonder nie dat politieke waarnemers en kommentators toenemend uitgesproke raak oor die regering se arbitrêre (d.i. willekeurig, eiemagtig, sonder motivering – HAT) maatreëls wat weinig te doen het met bekamping van die virus en alles te doen het met magsug: hulle sal wys wie is baas en dat hulle die mag het om hulle gesag af te dwing. Terselfdertyd word die virus ’n gerieflike verskoning om ons Blankes verder te vertrap.

“Maar wie is werklik in beheer?” Mnr Breytenbach wys daarop dat die Kommuniste daarvan hou om ’n marionet te vertoon wat die

aandag trek terwyl hulle agter die skerms die tou-tjies trek.

“Toe die Boere-Afrikanervolksraad ons volk se eis om herstel van ons vryheid voor die ANC-regering gelê het, het Ramaphosa erken dat die president nie die besluite kan neem nie — dit word in Luthulihuis gedoen”, sê mnr Breytenbach.

“Die gevolg is dat mense se ontevredenheid en ongeduld oplaai. Organisasies soos Solidariteit wend hulle tot die howe in die vertroue dat daar regspraak sal geskied, maar uitsprake soos die onlangse wat die benadeling van die Blankes vindikeer, vernietig dié vertroue.

“Daarom moedig ons ons mense aan om geen bydraes te gee aan hulpfondse wat deur die staat beheer word nie, en intendeel ons eie mense te help, met of sonder die staat se permissie”.

Mnr Breytenbach waarsku dat ons terselfdertyd voorbereid moet wees om onself fisies te beskerm. Hy sê “as honger by die werklose gepeupel die oorhand kry, sal hulle eenvoudig met geweld vat wat hulle wil hê waar hulle dit kan kry — hulle het dan niks meer om te verloor nie, en die veiligheidsmagte sal nie in staat wees om hulle te keer nie”.

## Selfbehoud nou prioriteit

Wyle mnr. Jaap Marais het in sy eerste toespraak ná die oorgawe van De Klerk en Viljoen aan die ANC, gesê dat die enigste werkbare resep vir enige regering om suksesvol te wees, op twee belangrike pilare rus: eerstens, respek vir wet en orde in die samelewing; en tweedens 'n gesonde, groeiende ekonomie.

"Hierdie terroristebende wat nou ons nuwe regering geword het, is gebore nie in staat om enige van dié twee voorwaardes te laat realiseer nie. Daarom sal hulle misluk en uiteindelik sal die nuwe bestel in duie stort. Wanneer dit gebeur, sal dit gepaard gaan met geweld, anargie en sosiale chaos..." was mnr. Marais se voorspelling.

Toe hy later gevra is hoe lank dit sal duur vir die ineenstorting om te realiseer, het hy soos volg geantwoord: "Ons moet onthou dat Suid-Afrika 'n baie groot en sterk ekonomie het. Die plundering van ons ekonomie sal werk soos 'n stoomtrein wat op vol spoed is. Hoe minder kole hy kry, hoe stadiger sal hy ry, maar ons moet onthou dat 'n groot stoomtrein baie momentum het. Dit vat tyd om hom tot stilstand te kry".

Mnr. Marais het geen doekies omgedraai oor wat hy gedink het gaan gebeur nie. "So seker as wat die son môreoggend sal opkom, is die feit dat die ineenstorting van hierdie nuwe onwerkbare stelsel uiteindelik sal kom. En net so seker is die feit dat wanneer dit gebeur, dit gepaard sal gaan met geweld en anargie. Dit is dán dat ons as Boere gereed moet wees om onself en ons land te verdedig en terug te vat, want dit is in tye soos dié dat nuwe grense getrek word en die sogenaamde 'onomkeerbare' weer omgekeer sal word".

Hoe profeties was daardie woorde nie in 'n tyd waar daar gepraat word van "die nuwe normaal". Die "nuwe normaal" gaan waarskynlik weer skerper lyne trek, veral rasselyne.

Al meer stemme gaan op dat as ek te wit is om gehelp te word, my geld te wit is vir die regering. Daar broei 'n gees van verset onder die Blankes.

Voorlopig moet die Blankes weer laer trek en uit die korona-besmette bestel onttrek sover moontlik. Dit is ons gesondheid-selfbehoud. Ons moet na mekaar kyk en mekaar ondersteun, en ons geld en hulp weerhou van enigiets wat die staat en regering voorstaan of verteenwoordig. Dit is ons ekonomiese selfbehoud. Ons moet ons veiligheid-selfbehoud uitoefen deur paraat te wees.

Ons sal mnr. Marais se woorde oor die nuwe grense ter harte moet neem. Dit sal ons politieke en kulturele selfbehoud wees. Dit verg beplanning, gewilligheid en uitvoering.

## Perspektief deur Gawie

### Die Afrikaner en selfbehoud

Die manier waarop die politiek in ons land verander as uitvloeisel van die *beheermaatreëls* teen die korona-virus, bring by elke Afrikaner al meer die besef dat die ANC-regime se politieke agenda daarop uit is om die Witman in Suid-Afrika in alle opsigte te onderdruk. Die Blankes word dood eenvoudig al meer onder die huidige maatreëls benadeel.

Gawie neem dit waar dat Blankes al hoe meer ontevrede raak, en sommiges begin in opstand kom. Wêreldwyd is daar reeds reuse protes-saamtrekke. Slagspreuke soos "vryheid" word duidelik op video's gehoor. Hierdie protes-optredes het natuurlik 'n sterk ondertoon van nasionalisme — volksnasionisme — al word dit in hierdie stadium nie deur die protesteerders so beplan nie.

In Suid-Afrika sê mense openlik dat dit oorwegend die Blankes is wat die inperkingsreëls nakom, en dan word hulle "gestraf" wanneer dit by voordele kom. Swart bevoordeling word openlik gepropageer, maar die Witman moet steeds die rekenings betaal. Klein en opkomende swart boere kry hulp, maar die blanke kommersiële boere wat kos vir die markte produseer en werk verskaf, kry niks nie.

Gawie neem ook waar dat die breë media, selfs in Afrikaans, steeds hulle bes doen om Ramaphosa goed te laat lyk en ook om nasiebou te bevorder. En natuurlik is daar diegene wat deur die oordonderende propaganda beïnvloed en mislei word. Gelukkig begin bekende linkse kommentators ook skepties en negatief oor die ANC raak. Ekonomie soos Dawie Roodt en Mike Schussler maak reeds baie sterk anti-regering uitsprake.

Binne ANC-geledere is daar 'n diep kloof. Gerugte wil dit hê dat die kommuniste in die ANC van Ramaphosa ontslae wil raak.

Ramaphosa het in sy Vryheidsdag-toespraak verwys na die ongelykhede, en verwys na mense wat die inperking in ruim huise met vol vrieskaste deurbring, teenoor dié wat dit nie het nie.

Een ding is seker: die ANC is besig om teen 'n baie hoë snelheid die reeds lamlendige ekonomie in die afgrond in te verwoes. Maar veel meer: die ANC met sy sosialistiese maatreëls is op pad na volslae kommunisme. Dit sal vir niemand tot voordeel strek nie — allermens vir die Witmense van Suid-Afrika.

Wat is nou ons as individue se prioriteit? Ons prioriteit is eerstens selfbehoud. Selfbehoud om fisies te oorleef, en selfbehoud om in hierdie verslegtende toestand finansieel te oorleef.

Maar ons moet ook as Afrikaners en Christenvolk in ons vaderland oorleef. Daarom moet ons sonder huiwering ons voorkeur uitoefen om die nood onder ons volksgenote aan te spreek. Dit is ons verantwoordelikheid, ons plig, maar veral ons reg.

Laat ons steeds ons slagspreuk herhaal: Eie volk, eie land!



## 'n Nuwe samelewing?

Terugskouend is dit hoogs verbasend dat die ANC-president, Cyril Ramaphosa, homself bo-oor die perd getel het toe hy die inperkings in Maart aangekondig het en later verder aangevul het. Ek verwys na sy verklaring dat die samelewing sogenaamd geherstruktureer moet word, dat ons moet inpas in 'n nuwe wêreldorde, en dat die nuwe samelewing op gelykheid gebaseer sal word. Waar dit net om die noodmaatreëls moes gegaan het, het Ramaphosa reg van die begin af 'n rasgedrewe politieke motief daaraan vasgemaak.

Dit is dus nie Witmense wat blindelings aan sameswerings-teorieë glo, wat politiek in die pandemie en die ANC-regime se optrede sien nie; dit is presies so in die openbaar aangekondig! Die besondere woorde wat Ramaphosa gebruik, is ook aan ons bekend, dit kom uit die kringe van die internasionale geldmag, dit kom van die magte agter die Wêreldbank, die IMF en die Wêreldgesondheidsorganisasie (die WHO). Dit kom uit daardie finansiële kringe waarheen die ANC hulle wend vir uitspattige lenings, sogenaamd om die korona-virus te bekamp. Die bedrag wat die ANC dringend daarvoor soek, is R500 miljard tot R800 miljard. Let op dat Ramaphosa en Tito Mboweni se skatting so wyd van mekaar verskil.

Die motiewe agter die desperate verklaring van Cyril Ramaphosa, wat die aandag wil vestig op 'n "nuwe samelewing", sal in die maande wat kom al duideliker word. Van die hooftrekke daarvan is nou al sigbaar. Die noodsituasie wat slegs 'n mediese krisis moes wees, word op so 'n manier hanteer dat dit ras as besluitkriterium sterk op die voorgrond dwing. Dit gaan vir die ANC om dinge so te bestuur dat die Blankes onder al groter druk geplaas word, en dat regeringshulp net op swart behoeftes gerig sal wees.

Ons het reeds in 'n vorige rubriek aangetoon hoe die Blankes in die landbou geïgnoreer word. Nou hoor ons dat gastehuse wat nie aan BEE voldoen nie, nie hulp kry nie. Kerke en welsynsorganisasies mag nie behoeftige Blankes direk ondersteun nie, maar alle skenkings moet aan die ANC-owerhede oorhandig word, of goedgekeur word. Die prosedures en vereistes is ook vaag in al hierdie gevalle van hulpverlening. Slegs enkele van hierdie optredes en onlogiese handeling het daartoe gelei dat die publiek vertroue in die logika van die ANC-maatreëls verloor het. Daar is wydverspreide onrus en ontevredenheid onder Blankes, en dit word baie duidelik in die sosiale media

weerspieël. In 'n oggendprogram van RSG, waarin die mening van luisteraars oor die voedselhulp gevra is, was daar nie 'n enkele positiewe boodskap ten gunste van die regering se nuwe koers nie. Kenners sien ook die gevare raak, nie net vir gesondheid en die ekonomie nie, maar vir die aanspraak dat Suid-Afrika 'n demokrasie sou wees.

Dit is miskien die moeite werd om, binne bogenoemde konteks, die bekende prof André Duvenage van Noordwes Universiteit aan te haal. Hy skryf onlangs die volgende:

*My voorspelling wat die SA-politieke toneel betref, is dat die ANC-dinamika 'n groter impak op ons toekoms as COVID 19 gaan hê. Wat wel besig is om te gebeur, is dat politici die COVID 19 pandemie op wyses gebruik (en ook misbruik) om bepaalde politieke agendas te bevorder.*

*In die hart van hierdie geveg is die ondersoek van die Zondo-kommissie, die hofsaak van Jacob Zuma en die implikasies wat die uitspeel hiervan kan hê vir selfs gewone ANC-lede, maar veral vir die politieke elites. As Zuma sou praat (en hy dreig gedurig), bedreig dit die politieke magsbasis van waarskynlik die grootste misdad-sindikaat in die geskiedenis van Suid-Afrika, en waarvan die waarde van staatskaping (soos verbind aan die ANC-elite), op tussen R500 biljoen en R1.5 triljoen gereken word. Hoe kan Cyril, Tito Mboweni en enkele hervormers hierdie operasie skoonmaak bestuur met die sanksie van dieselfde organisasie waarvan die lede die spreekwoordelike krip bykans reeds "skoongevreet" het?*

Is hierdie ontstellende insigte van prof Duvenage dalk die rede waarom RSG oor die afgelopen weke 'n wye draai rondom die professor geloop het? Sy mening, wat dikwels oor die radio gehoor is, pas waarskynlik nie meer in dié staatsuitsaaier se model van sagte en middelmatige kritiek nie.

Die ANC se aanspraak dat hulle 'n nuwe samelewing wil skep, is eintlik 'n opsigtelike vorm van misleiding. Dit is nie 'n nuwe samelewing nie, maar 'n nuwe stelsel van politieke beheer waarna daar gestrewe word. Deur ongekende bangmaak-politiek wil hulle die publiek sag maak om drakoniese maatreëls in die ekonomie te aanvaar. Dit is in werklikheid die Sjinese model van "die samelewing" wat nou ingevoer word.

Onthou u nog hoe dikwels Cyril Ramaphosa na Sjina gestuur is, onder Jacob Zuma? Onthou u nog hoe met groot "fanfare" aangekondig is dat Sjina betrokke sou raak by Suid-Afrika se planne om die oseane beter te ontgin, in die sg. *Ocean Economy*? Onthou u dat die Sjinese 'n groot stad by Modderfontein sou bou, en Ramaphosa se aankondiging in Februarie vanjaar dat so 'n stad by Lan-seria gebou sal word? Onthou u die lenings wat Eskom onlangs van die Sjinese bekom het?

Al hierdie sake pas in die patroon van 'n nuwe politieke regime waar Suid-Afrika vanuit die buiteland in besit geneem en regeer sal word. ■

# So is ons verraai (19)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention. (Verkrygbaar by Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).*

## APARTHEID, 1948-1994 (9)

### Tuislande

- i. Met verloop van tyd het die apartheidsregering tien "tuislande" geskep op die grond wat kragtens die 1913 en 1936-wetgewing daarvoor opsygesit is.
- ii. Dit was: Botswana (vir die Tswana/Wes-Sotho), Ciskei en Transkei (vir die Xhosa), Gazankulu (vir die Shangana-Tsonga), KwaZulu (vir die Zoeloe), Lebowa (vir die Noord-Sotho en Pedi), KwaNdebele (vir die suidelike Ndebele), Venda (vir die Venda), QwaQwa (vir die Suid-Sotho) en Kangwane (vir die Swazi buite Swaziland).
- iii. Gesien vanuit die grootte van die Suid-Afrikaanse ekonomie, het die NP enorme bedrae in hierdie gebiede bestee, veral gedurende die twee "5 jaar-planne" wat van 1961 tot 1966 en 1966 tot 1971 gestrek het. **Om hierdie besteding in perspektief te stel: die regering het meer geld op Swartes elders in Suid-Afrika bestee as op die tuislande; nogtans was die R522 000 000 wat tussen 1965 en 1975 op agt tuislande uitgegee is, bykans twee keer meer as die R234 000 000 wat die VN en sy agentskappe gedurende die ooreenstemmende tydperk op 38 "arm lande" uitgegee het. Dit was inderdaad meer as die BBP van die meeste Afrika-state** (*Changuion, L. & Steenkamp, B.: 232; Department of Information: 8*).
- iv. Alhoewel die tuisland-inwoners, wat meestal hul tradisionele lewenstyl van bestaansboerdery beoefen het, oor die algemeen armer was as die Swartes in die verbruikergedrewe mark in die res van Suid-Afrika, was die tuislande reeds teen 1970 groter en welvarender as verskeie ander Afrikastate — en dit in 'n stadium toe besteding op die tuislande nog aansienlik minder was as tydens later jare.
- v. 'n Aantal ontwikkelingskorporasies wat onder die trusteeskap van die SA Bantoe Trust (SABT) gefunksioneer het, het 'n reeks ontwikkelingsprojekte in hierdie gebiede gefasiliteer en gekoördineer; hulle het omvattende opleiding verskaf (onder andere om boerderymetodes te moderniseer); en het lenings aan entrepreneurs toegestaan

waarmee daar in die vroeë 1970's meer as 'n 100 fabriek en talle ander besighede gevestig is (*Malan & Hatting: 32-40; 44-100*). 'n Bantoe mynboukorporasie is op die been gebring om die mynbou-industrie in hierdie gebiede spesifiek tot voordeel van die onderskeie swart bevolkings self te ontwikkel. Teen 1974 was daar 64 myne in vyf van die tuislande in bedryf. Prospekter- en verhuringsfooie en tantieme is nie aan die SA-regering betaal nie, maar aan die houers van die minerale regte, wat in die meeste gevalle die SABT, 'n swart stam of selfs 'n swart persoon was — sedert 1952 het die SABT sover moontlik die minerale regte wat in hierdie gebiede deur Blankes gehou is, verkry (*Malan & Hatting: 41-42*).

### **Totale besteding op Nieblankes gedurende die apartheidsera**

Dit is haas onmoontlik om 'n presiese berekening te maak van al die geld wat vanaf 1948 tot 1993, die laaste jaar van Blanke regering, op Nieblankes bestee is.

Een van die redes hiervoor is die feit dat daar nie afsonderlike gesondheidsdepartemente vir die onderskeie bevolkingsgroepe bestaan het nie, en die nasionale gesondheidsbegroting (een van die grootste begrotingsposte) nie toewysings per bevolkingsgroep gehad het nie. Volgens dr L.A.P.A. Munnik, die Minister van Gesondheid gedurende die 1970's en 1980's, het die gedeelte van sy begroting wat aan Nieblankes bestee is, ongeveer 75% van die totale begroting bedra (soos aangehaal in die *South African Survey 1982: 535*). Om egter enige moontlike argumente hieroor te vemy, word vir die doeleindes van hierdie Memorandum aanvaar dat die gedeelte van die begroting wat op Swartes, Kleurlinge en Indiërs gesamentlik bestee is, een derde van die totale begroting beloop het. Maatskaplike dienste (dit is besteding op pensioene, weeshuise, ouetehuise, gestremde persone, ens.) is ook uit 'n enkele, ongedifferensieerde nasionale begrotingspos befonds, en vir die doeleindes van hierdie Memorandum word aanvaar dat die besteding ten opsigte van Swartes, Kleurlinge en Indiërs gesamentlik, een vyfde van die totale begroting beloop het. Dit is weer eens 'n growwe onderskatting van die werklike bedrae, maar dit word nietemin as basis vir die onderstaande berekening gebruik ten einde enige moontlike argumente te voorkom.

iii. Op grond van bogenoemde skattings en die beskikbare navorsingsbronne, toon die bedrae

in die nasionale begrotings van 1948 tot 1994 die volgende:

<i>Jaarlikse besteding van Inkomste- en Leningsrekeninge, 1948-1994</i>		
<b>Begrotingsjaar</b>	<b>Bedrag</b>	<b>Randwaarde in 2016</b>
1948-49	29 291 284	3 538 484 445,22
1949-50	29 952 583	3 479 203 424,99
1950-51	34 890 800	3 908 208 391,26
1951-52	45 624 962	4 914 009 162,96
1952-53	55 494 342	5 565 162 770,46
1953-54	56 242 066	5 188 727 778,57
1954-55	60 150 596	5 366 844 558,71
1955-56	67 064 413	5 889 487 464,01
1956-57	80 675 608	6 865 116 694,39
1957-58	71 342 128	5 957 685 206,37
1958-59	74 882 748	6 071 220 993,23
1959-60	82 455 808	6 459 147 022,57
1960-61	185 627 506	14 382 854 677,09
1961-62	104 167 104	7 975 406 730,07
1962-63	111 333 661	8 340 610 580,17
1963-64	152 613 133	11 286 357 876,35
1964-65	203 346 150	14 830 640 522,11
1965-66	222 065 933	15 785 506 886,65
1966-67	262 357 295	17 949 575 832,17
1967-68	238 690 630	15 762 919 621,86
1968-69	290 198 916	18 516 407 345,15
1969-70	320 658 300	20 098 129 871,58
1970-71	370 443 133	22 564 168 607,57
1971-72	420 617 166	24 611 271 484,20
1972-73	391 627 866	21 679 320 057,94
1973-74	524 632 766	27 372 350 849,54
1974-75	732 897 716	34 952 861 270,77
1975-76	1 166 811 116	49 862 692 769,04
1976-77	1 101 590 366	41 844 923 388,18
1977-78	1 466 394 333	50 092 030 262,69
1978-79	1 593 802 933	48 960 708 655,97
1979-80	1 835 037 733	50 784 957 521,82
1980-81	2 470 784 600	60 405 787 927,37
1981-82	3 465 033 406	74 440 422 897,75
1982-83	3 857 842 800	71 943 813 341,76
1983-84	4 840 863 733	78 706 095 191,40
1984-85	6 440 134 266	93 156 705 080,80
1985-86	7 298 017 600	94 678 035 165,85
1986-87	9 058 792 200	101 049 673 099,30
1987-88	11 272 629 866	106 024 241 373,61
1988-89	12 780 153 066	103 534 183 286,54
1989-90	15 159 518 333	108 777 523 534,20
1990-91	16 924 011 133	105 875 055 054,80
1991-92	20 305 123 133	111 037 570 234,27
1992-93	26 741 272 066	126 828 564 693,41
1993-94	32 075 113 733	133 560 948 926,53
<b>SUBTOTAAL:</b>		<b>1 950 875 612 531,28</b>
Min benaderde Nieblanke bydrae (8%)		156 070 049 002,50
Totale blanke besteding op Nieblankes tydens apartheid (2016 geldwaardes)		R 1 794 805 563 528,78
		(Afgerond: een komma sewe nege vyf triljoen Rand)
		Ofte wel € 113 497 688 668
		of VSA\$ \$ 126 164 223 815

(Bron: Republic of South Africa – Expenditure to be defrayed from Revenue Account and Loan Account 1948 -1994)

iv. Wanneer die faktore wat onder ‘Ongekwaliifiseerde Uitgawes’ gelys is (*sien volgende uitgawe van D.A.*), in die groter prentjie ingereken word, bring dit die geraamde bedrag op aansienlik meer as **twee triljoen Rand** teen die huidige geldwaarde te staan, dit is meer as **137 miljard Amerikaanse dollar**. Hierdie geld wat op die Nieblankes bestee is, het uit die sakke van blanke belastingbetalers gekom wie se inkomste ver onder dié van hulle Europese en Amerikaanse eweknieë was, en dit in ’n land wat oor ’n ekonomie van middelmatige grootte beskik het (*Gann & Duignan: 143*).

v. Gedurende die postapartheidsjare het aartsbiskop Desmond Tutu dikwels gesê dat die Blankes “gelukkig” is dat hulle nie deur die Swartes uitgeroei is nie — hy is gedurende 1998 soos volg deur die Amerikaanse koerante aangehaal: *“It is an incredible thing ... that (Blacks) ... don’t say: ‘We are going to murder all of you Whites ..’* (Aangehaal in *The Boston Globe, Boston, Mass., USA, 19 August 1998*). In die lig van die voorgenoemde feite en geldwaardes is sy opmerkings banaal en alles behalwe billike kommentaar wat van ’n sogenaamde “geestelike” verwag word.

# Sjina se anneksasie van Afrika

Deur Dolf Buitendach

Sjina se verspeiding van die CCP (korona)-virus (COD-19) het die wêreld gedwing om weer met nuwe oë na Sjina te kyk. Die sosiale media wemel van video's wat Sjina verwyf oor die manier waarop die CCP (*China Communist Party*) die virus toegelaat het om te versprei deur sy weerhouding en manipulering van inligting en het die virus herdoop na CCP-virus.

Die twee lande wat die ergste getref word deur die virus, is tans Italië en Spanje. Beide lande het redelik onlangs besluit om hulle lande se ekonomieë sterk aan Sjina te koppel. Die wêreld se verhouding met Sjina is erg benadeel en die vraag kan gevra word: "Hoe gaan Afrika daarop reageer?"

Sjina het homself die afgelope dekade in Afrika gevestig as die voorkeurland en reeds begin om die VSA terug te druk as die helper van Afrika. Baie Afrika-regerings met 'n anti-Westerse houding het hulle voorkeur na Sjina verander.

Hierdie regerings staar hulle blind teen die feit dat Sjina se motiewe nie so edel is as wat hulle te kenne gee nie. Daar is bymotiewe en dit het implikasies wat nog voorlê en daardie implikasies is minder aangenaam as die korttermyn-voordele.

In 1971 moes daar in die VN gestem word wie van die Taiwan-regering (wat uit Sjina ontvlug het weens die kommunistiese aanslag) of die CCP die wet-tige regering van Sjina is. Byna al die Afrikalande wat sitting in die VN gehad het, het saam met die VSA teen die CCP gestem. Die uitslag van die stemming was nogtans ten gunste van die CCP.

In 2007 moes daar in die VN gestem word teen Noord-Korea se kommunistiese regering se skending van menseregte. Byna al die Afrikalande, met uitsondering van vyf, het hulle gewig by Sjina ingegooi om teen die aanklag te stem. In 1971 was Suid-Afrika se stem saam met dié van die VSA en

in 2007 saam met Sjina waar 43 Afrikalande pro-Sjina/Noord-Korea gestem het met slegs 11 Afrikalande daarteen.

Sjina het reeds honderde projekte in Afrika gedoen oor die afgelope dekade. Die hulp is meestal gekoppel aan lenings. Sommige projekte se sukses dra 'n hoë risiko wat geen finansiering van die Wêreldbank sal verkry nie, maar Sjina gee nie om nie, want dit word gekoppel aan die verkryging van natuurlike hulpbronne waarvoor daar 'n groot behoefte in Sjina is. Die minerale word aan die lenings gekoppel.

Sjina beweer dat hy die lande help om te ontwikkel en dat die hulpverlening sonder persoonlike voordeel is. Dit is egter opmerklik dat lande wat saam met Sjina in die VN stem, voorkeur kry met hulp uit Sjina. Alhoewel die hulp uit terugbetaalbare lenings op projekte is en daar ook beleggings plaasvind, is dit opmerklik dat die beleggingshulp veel minder is. In 2015 het Sjina \$12 miljard se projekte onderneem teenoor \$3 miljard se beleggings. Intussen het meer as 10 000 klein Sjinese besighede hulle in Afrika gevestig, wat die plaaslike ondernemings uitdruk.

Benewens die vestiging van die klein Sjinese besighede, word die Sjinese projekte in Afrika met Sjinese arbeiders uitgevoer. Drie tipiese projekte is byvoorbeeld die sneltrein tussens Nairobi en Mombasa in Kenia vir \$3,2 miljard, die energie-projek in Guinea van \$526 miljoen en die spoorlyn in Etiopië vir \$475 miljoen. Sekere lande in Asië en elders het reeds in die moeilikheid beland met terugbetaling op projeklenings en dan word Sjina die eienaar van die projek en verstewig daarmee sy houvas op die land.

Suid-Afrika is een van die Afrikalande wat sy handelsvoorkeur na Sjina veskuif het. Die prys daarvoor wat voorlê, gaan minder aangenaam wees.

## Die Afrikaner

[admin@hnp.org.za](mailto:admin@hnp.org.za)

Tel.: 079 752 4898

**Redakteur:** LJ van der Schyff [info@hnp.org.za](mailto:info@hnp.org.za)

**Uitleg en tegniese versorging:** Juanita Powroznik

**Medewerkers:**  
Mnr Andries Breytenbach  
Mnr Meinhard Peters  
Mnr Henk van de Graaf  
Mnr Hermanus van der Schyff



# Woord en wêreld



## Die hoeksteen van ons geloof

1 Petrus 2:6 “Kyk, Ek lê in Sion ‘n uitverkore en kosbare **hoeksteen**, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie”. In vers 7 lees ons verder: “... Die steen wat die bouers verwerp het, dit het ‘n hoeksteen geword”.

Petrus vergelyk die gelowiges met ‘n tempel — ‘n geestelike huis. Hy doen ‘n beroep op die gelowiges om hulleself tot beskikking van God te stel. Hulle moet na Christus toe kom, die lewende klip wat deur die mense afgekeur is, maar deur God as hoeksteen uitverkies is. Op hierdie hoeksteen, op Christus, moet hulle hulleself laat opbou tot ‘n geestelike huis.

Al die gelowiges saam vorm God se tempel. In hierdie tempel is elke gelowige ‘n steen wat daar ingemessel word, maar Christus is die hoeksteen.

Vroeër was dit die gebruik by die bou van geboue om ‘n hoeksteen te lê. Aanvanklik was die hoeksteen ‘n groot gekapte klip wat in die fondament gelê is waar twee mure saamgekom (gelas) het. Die hoeksteen het dus twee funksies gehad: om te heg en om te dra. Die hoeksteen het ook bepaal hoe die hele gebou gestruktureer moes word. Die hoeksteen was dus van wesenlike belang vir die hele gebou.

Vandag sien ons steeds dat elke kerk ‘n hoeksteen het. Op die hoeksteen staan dan geskryf: Hierdie steen is deur so en so op ‘n bepaalde datum onthul. Dit was ook die gebruik in vroeëre tye dat staatsgeboue en stadsale ‘n hoeksteen gehad het wat onthul is. Of dit in die moderne tyd nog gedoen word, is ‘n groot vraag.

Die lê van die hoeksteen in daardie tyd het dus ‘n baie dieper betekenis gehad. Wie van ons, en wie van ons jonger geslag, weet wat die werklike betekenis was om in ons kerke en belangrike geboue ‘n hoeksteen te lê?

Die hoeksteen verwys na 1 Petrus 2:6 dat Christus die hoeksteen van elke gelowige se bestaan is. Hy is die hoeksteen van ons geestelike huis, dus van ons geloofslawe. Christus is die hoeksteen van die volk van God. Daarom het ons as Afrikaners ook hoekstone in ons geboue gelê, omdat ons ook ons kerke en staatsgeboue in geloof en op die genade van Christus gebou het.

Met Christus as ons hoeksteen, is ons voortbestaan verseker. Sonder Hom as hoeksteen, stort ons in duie. Dit geld ook vir ons as Afrikanervolk.

# Dié Land is ons Land!

Nommer 26

## Konstitusionele ontwikkeling

Deur konstitusionele ontwikkeling het die selfbeskikkingsreg van die burgers van Suid-Afrika stap vir stap toegeneem. Daardeur het Suid-Afrika geleidelik losgegroei van Britse bande totdat die ideaal bereik is van ‘n soewerein onafhanklike parlement waarin die Blankes uitsluitlik hul eie lotgevalle bepaal het.


Die eerste stap op konstitusionele gebied het in 1926 plaasgevind tydens die Statebondskonferensie. Genl. JBM Hertzog het die leiding geneem toe hy voorgestel het dat elke land soewerein onafhanklik moes word. Dit het beteken dat alle lidlande van die Statebond (nie meer die Britse Statebond nie) nie meer kolonies van Brittanje sou wees nie, maar dominiums. Almal sou gelyke status geniet, ook Brittanje. Aan die einde van die konferensie is al hierdie punte saamgevat en bevestig in die Balfour-verklaring.

Die volgende ontwikkeling het in 1931 gevolg toe die Britse parlement al hierdie maatreëls deur wetgewing bevestig het, toe die Statuut van Westminster aangeneem is. Daardeur het die Britse parlement alle gesag oor die dominiums waaroor hy beskik het, aan die parlements van die onderskeie lande van die Statebond opgedra. Hulle kon nou enige wet aanneem sonder inmenging van die Britse parlement of koning. Suid-Afrika het sy reg hiertoe bevestig toe hy die Statuswette in 1934 aangeneem het. Daardeur het hy dit ‘n wet van Suid-Afrika gemaak dat die parlement soewerein is en oor die mag beskik om enige wet te maak sonder inmenging van buite.

Hierna het Suid-Afrika talle wette aangeneem om sy bande met Brittanje verder te verbreek. Hieronder tel die Vlagwet van 1928, die afskaffing van Britse burgerskap en die instel van Unieburgerskap in 1949, die afskaffing van appèl na die Geheime Raad in Brittanje in 1950, en die aanvaarding van een eie vlag en een eie volkslied in 1957.

Die hoogtepunt van konstitusionele vryheid en volkome selfbeskikking is op 31 Mei 1961 bereik met die uitroep van die Republiek van Suid-Afrika.

# Staatmaker van die HNP oorlede



Een van die bekende leiersfigure en jarelange steunpilaar van die HNP, mnr Simon Duvenage, is op 30 April in die ouderdom van 83 jaar oorlede.

Mnr Duvenage laat sy vrou, Miems, 3 seuns en een dogter, 11 kleinkinders en 2 agterkleinkinders agter.

Hy was 'n stigterslid van die HNP. In die 50 jaar van die bestaan van die HNP het Simon Duvenage deurgaans 'n leiersrol gespeel. Hy was ook in landboukringe goed bekend en het ook in TLU SA 'n besondere bydrae gelewer.

Mnr Duvenage het by Kendal geboer en was al die jare die voorsitter van die Kendal-strydraad se bestuur. Hy het meer as dikwels na Pretoria gery om bestuursvergaderings by te woon. In die dae van die blanke politiek het hy en Miems gereeld by tussenverkiesings gaan werk.

Simon is reeds in 1970 as lid van die HNP se hoofbestuur gekies en het later lid van die dagbestuur geword. Tydens die HNP-kongres in 2011 is hy as een van die HNP se drie onderleiers gekies. Met sy tagtigste verjaardag het hy as onderleier uitgetree sodat 'n jonger man kon oorneem.

Simon Duvenage het ook as kultuurman sy deel gedoen. Hy was 'n hele aantal jare die voorsitter van die Delmas Geloftefeeskomitee.

Die Hoofsekretaris van die HNP, mnr Louis van der Schyff, sê dit was 'n eer en voorreg om so 'n Afrikaner te kon ken. Die HNP sal Simon Duvenage mis. Sy gemoedelikheid, maar besliste en sterk standpunte sal onthou word. Dit is manne soos hy wat weet waarom die stryd gaan. Daarom het hy nooit gehuiwer om die offers te bring waar die volkstryd hom nodige gehad het nie.

## Swede 'n voorbeeld vir ons

Dit is dalk die moeite werd om te kyk na Swede se kritiek teen ander lande se hantering van die korona-virus. Swede se regering het besluit om niks toe te grendel nie, veral nie die ekonomie nie!

Die vraag is: is Swede nie dalk reg in sy optrede en vir elke land 'n voorbeeld hoe om 'n goeddeurdenkte balans te handhaaf nie? Skole, restaurante, winkels en gimnasiums funksioneer soos normaalweg. Terselfdertyd het die regering die bevolking goed ingelig en op hoogte gehou van die werking en risiko's van die korona-virus. Daardeur het hulle die verantwoordelikheid op 'n verantwoordelike bevolking geplaas wat self die besmetting tot die minimum beperk — sonder dat hulle onder huisarres hoef te wees.

Johan Giesecke, 'n hoof-wetenskaplike van die *European Centre for Disease Prevention and Control*, sê ander lande het hulleself in 'n hoek toegeverf met die inperkingsmaatreëls. "Vir hoe lank gaan julle ingeperk bly? Vir hoe lank gaan julle skole gesluit wees en vir hoe lank gaan lande soos byvoorbeeld Australië hulle grense gesluit hou?", vra hy. "Wanneer die inperking opgehef word en mense vrylik kan beweeg, sal die virus in elk versprei".

Twee sake moet egter deurentyd toegepas word: hande moet gereeld gewas word, en mense moet 'n sosiale afstand handhaaf. Elke verantwoordelike mens sal na homself kyk. Met hierdie twee dissiplines in plek, sal die verspreiding baie goed beperk kan word. Hy meen dat sterftes sowat ,01% sal wees.

'n Sweedse staatsepidemioloog, Anders Tegnell, se kommentaar oor die

situasie aldaar is soos volg: "Die verskil tussen ons en ander lande het sy oorsprong in die tradisies en kultuur van Swede. Ons verkies vrywillige maatstawwe".

Swede se sterftesyfers is laag in vergelyking met die meeste lande en 99,98% mense het nie aan korona gesterf nie. Hiermee bewys hulle dat daar 'n beter manier is om openbare gesondheidskwessies aan te spreek as om 'n roekelose polisiestaatbeleid wat die ekonomie onherstelbaar skaad, in te stel.

Die verwagting is dat die stygende immuniteit teen korona juis as gevolg van meer blootstelling die uitbreek daarvan mettertyd heeltemal en moontlik gouer as in ander lande sal hokslaan. Hierdie verwagting word versterk in die wete dat in sommige lande waar die grendeltyd nou stadig opgehef word, die besmettingsyfers van voor af die hoogte in skiet. Die sterftesyfers is steeds onder twee persent en minstens 80% van die geïnfekteerdes ontwikkel ligte simptome en herstel volkome.

Wat die ekonomie betref, gaan daar wêreldwyd vir jare 'n stadige herstel wees. Werkloosheid sal toeneem en kan baie lank duur.

In Swede word die balans gehandhaaf. Mense word toegelaat om self te besluit. So het 'n gedeelte van die bevolking wel uit hul eie besluit om te isoleer waar nodig. Maar groot dele van die ekonomie is op die been en sal dit nie 'n krisis wees om weer die volle produksie-kapasiteit te bereik nie.